# Hoërskool Warmbad

## AANSOEK OM LEERDERTOELATING VIR 2027

Geagte ouers en voogde

Toelatings vir die 2027 akademiese jaar sal deur twee metodes geskied. (beide aanlyn en instap).

1. 'n Aanlynstelsel (geen instap) sal vir Graad 8 leerders gebruik word en open op **27 Julie 2026**.
   - Aansoeke word aanlyn gedoen en ondersteunende dokumente word op dieselfde aanlynstelsel gelaai. Dit moet **teen 31 Augustus 2026** afgehandel wees op die aanlynstelsel.
   - Die Departement van Onderwys sal die aanlyn skakel verskaf.

2. Aansoeke vir Graad 9 tot Graad 11 open op **21 Julie 2026**. Ouers kan aansoekvorms in die kantoor afhaal en saam met die ondersteunende dokumente teen **14 Augustus 2026** by die skool inhandig.

Kriteria van die Departement van Onderwys wat in volgorde van belangrikheid toegepas word by die oorweging van aansoeke:

1. Woonadres waar die skool geleë is.
2. Bywoning van primêre voederskool(e).
3. Leerders met broer(s) of suster(s) in die nuwe skool waarvoor aansoek gedoen word.
4. Werkadres van ouers wat in dieselfde area van die skool gevind word.
5. Slegs skool van keuse.

Neem asseblief kennis dat die toelatingskomitee die ingediende **inligting asook ondersteunende dokumente ontvang, sal verifieer** wanneer aansoeke ontvang word. Indien valse of misleidende inligting geïdentifiseer word, sal die aansoek gediskwalifiseer word.

**Belangrike kennisgewing**:
Ouers word versoek om bogenoemde **datums streng na te kom**. Aansoeke wat laat ontvang word, na die sluitingsdatum, sal 'n leerder se kans op plasing beïnvloed, aangesien die aanlyn sisteem die hele provinsie se aansoeke gaan prosesseer volgens Departementele voorgeskrewe prosedures en kriteria asook beskikbare plekke.

Hou gerus die skool webblad en Facebook blad dop vir die aanlynskakel asook stap-vir-stap instruksies wat gedeel sal word met ouers sodra dit ontvang word vanaf die Departement van Onderwys.

Warrie-groete

HOËRSKOOL WARMBAD
POSBUS 45, WARMBAD 0480
26 -06- 20..
TEL/FAX: 014 736 2166

**LJ CILLIERS**
**SKOOLHOOF**

**T HOFMEYR**
**BEHEERLIGGAAM VOORSITTER**